## 🙏 GEBEDSLYS 🙏 15 April 2026

1. Ons dink in ons gebede aan Joritha Rossouw en haar familie wat haar skoonmoeder aan die dood afgestaan het. Mag die Here hulle vertroos en sy vrede vir hulle naby wees in hierdie tyd van rou.
2. Ons bid vir al die siekes, eensames en bejaardes. Mag die Here hulle sterk maak, vertroos en Sy nabyheid op 'n besondere wyse laat ervaar.
3. Ons bid vir almal wat finansieel swaarkry en met werkloosheid worstel. Mag die Here voorsien in elke behoefte en deure van geleentheid oopmaak.
4. Ons dra ons boere aan die Here op: vir uitkoms met die bek-en-klouseer-epidemie, wisselende weersomstandighede, veiligheid en al die uitdagings wat met boerdery gepaardgaan.
5. Ons bid vir ons gesinne. Mag die Here ons beskerm teen enige aanslae van die bose, ons kinders en ouers bewaar, en gesinsbande versterk. Waar daar gebroke verhoudings is, bid ons vir herstel en versoening.
6. Ons bid vir ons land en regering en almal wat belangrike besluite neem. Mag hulle die Here se wil hoor en wysheid ontvang om regverdig en verantwoordelik op te tree.

🙏 ***"Die Here is naby almal wat Hom aanroep." (Psalm 145:18)***